



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)
 - [Jaco Thom](#)
 - [My boeke](#)
 - [Privaatheidsbeleid](#)
 - [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
 - [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek



Wag op die Here! 24

24. Wag om sy goedheid te ervaar

Goed is die HERE vir hulle wat op Hom wag, vir die mens wat na Hom soek.

Klaagliedere 3:25

Daar is net Een wat goed is, sê Jesus in Matteus 19:17. Kom ondervind en sien self dat die Here goed is! (Psalm 34:9). Om hierdie goedheid van God te ondervind, moet jy op Hom wag. Die Here is goed, maar sy kinders besef dit dikwels nie, en hulle wag nie in stilte dat Hy dit kan openbaar nie. Maar vir hulle wat volhou om te wag, word dit waar.

Aan die begin is ons net ingestel om seëninge van God te ontvang. Ons verwag gawes; Hy, die Gewer, wil Homself gee en ons siel versadig met sy goedheid. Daarom hou Hy dikwels sy gawes terug sodat ons langer moet wag, want Hy wil die hart van sy kind vir Homself hê, sodat ons sy goedheid kan smaak. *Goed is dit om stil te hoop op die verlossing van die HERE* (Klaagliedere 3:26).

'n Lewe van wag word uiteindelik 'n voortdurende aanbidding, namate jy sy goedheid eer en vertrou. Elke daad of oefening in wag word 'n stil intrede in die goedheid van God, sodat dit sy geseënde werk in ons kan doen. Elke ervaring van God se goedheid maak die wag beter. In plaas daarvan om net na God te vlug in 'n tyd van nood, groei daar 'n diep verlange om gedurig te wag, reg deur die dag. Wag word 'n gewoonte, 'n lewenshouding.

Liewe Christen, sien jy dat wag nie net een van 'n aantal Christelike deugde is waaraan jy van tyd tot tyd dink nie, maar 'n lewenshouding wat ten grondslag van die Christelike lewe is? Dit gee 'n groter waarde en nuwe krag aan jou gebed en aanbidding, aan jou geloof en oorgawe, want dit bind jou in 'n onveranderlike afhanklikheid aan God Self. Daarom, doen moeite om hierdie wag-houding te kweek. Te veel mense steun op tweedehandse lering van ander.

Wat jou godsdienst nodig het, is meer van God. Baie mense is te besig met hulle werk. In plaas daarvan dat dit ons nader aan God bring, skei dit ons van Hom. *Goed is die HERE vir hulle wat op Hom wag.* Hoe goed, kan jy eers weet as jy dit eerstehands ervaar in jou wag op God.

Onlangse Bydraes

- [Gebed vir vroue en almal wat deur geslagsgeweld geraak word](#)
- [Eliëser](#)
- [Gebed oor misdaad en geweld](#)
- [Job se vrou, wat haar man in die steek gelaat het toe hy haar die nodigste gehad het](#)
- [Joh 4:1-30 Jesus kan ook jǒú dors les](#)

Argief

Argief ▼

- [Lees die Bybel saam met my](#)
- [Soos ek dit sien](#)
- [Preke](#)
- [Gebede](#)
- [Kortverhale](#)

- [Facebook](#)
- [X](#)